basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

MUSIEK V2

MEI/JUNIE 2026

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 30

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 19 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: GEHOOR (VERPLIGTEND)


Nota aan die nasiener: Kandidate moet krediet ontvang vir enige korrekte antwoorde wat nie in hierdie nasienriglyne voorkom word nie.

VRAAG 1

Snit 1

1.1 Noteer en voltooi die ritme van die ontbrekende note in maat 3 en 4.

Antwoord:



(6 x ½) (3)

Snit 2

1.2 Noteer die ontbrekende note by (A) en (B) in balk- of solfanotasie.

Antwoord:



Toonhoogte en ritme moet korrek wees: 2 x ½ (1)

[4]

VRAAG 2

2.1 Identifiseer die kadense aan die einde van ELK van die volgende TWEE uittreksels.

Snit 3

2.1.1 **Antwoord:** Plagale kadens (1)

Snit 4

2.1.2 **Antwoord:** Volmaakte kadens (1)

2.2 Beantwoord die volgende vrae deur 'n kruisie (X) in die toepaslike blokkie te maak.

Snit 5

2.2.1 Watter EEN van die volgende beskryf die tekstuur?

KOLOM A	ANTWOORD
Polifonies	
Monofonies	
Homofonies	**X**

(1)

Snit 6

2.2.2 Watter EEN van die volgende beskryf die metrum?

KOLOM A	ANTWOORD
Drieslagmaat	
Vierslagmaat	
Onreëlmatige tydmaat	**X**
Tweeslagmaat	

(1)

Snit 7

2.2.3 Identifiseer die mees prominente ritmiese kenmerk/middel.

KOLOM A	ANTWOORD
Sinkopasie	**X**
Vergroting	
Sekwens	

(1)

Snit 8

2.3 Dui DRIE beskrywings in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 8 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Herhalende ritmiese patroon in djembe-passasies	**X**
TTBB	
A cappella-passasies vir die basstemme	
Liggaamsperkussie en herhalende melodiese passasies	**X**
Opgaande koorsekwense met djembe	
A cappella-sang in die laaste frase	**X**
Accelerando- en monofoniese passasies	
SATB	**X**
Pentatoniese koorpassasies	

(3 x 1) (3)
(8 ÷ 2) **[4]**

TOTAAL AFDELING A: 8

AFDELING B: HERKENNING VAN MUSIEKKONSEPTE

Beantwoord VRAAG 3 (IAM)
OF VRAAG 4 (JAZZ)
OF VRAAG 5 (WKM).

Nota aan die nasiener: Indien 'n kandidaat meer items vir 'n vraag kies as wat vereis word, moet net die eerste antwoorde nagesien word.

VRAAG 3: INHEEMSE AFRIKA-MUSIEK (IAM)

3.1 Luister na die volgende snitte. Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 9 EN 10 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies vir ELKE snit.

Snit 9

3.1.1

KOLOM A	ANTWOORD
Mannekoor in majeur toonsoort	**X**
A cappella met liggaamsperkussie	
Homofoniese tekstuur regdeur	
Enkelvoudige drieslagmaat	
Gesinkopeerde ritme in die melodie	**X**
Roep en antwoord	**X**
Herhalende motiewe	**X**
Saamgestelde tweeslagmaat	

(3 x 1) (3)

Snit 10

3.1.2

KOLOM A	ANTWOORD
Ululasie	**X**
Tromme en mbira	
Liggaamsperkussie	**X**
Vierstemmige sang	
Ostinato op die marimba	**X**
TTBB	
Manlike hoofsanger gevolg deur vroulike hoofsanger	**X**
Tussenspele wat gefluit word	

(3 x 1) (3)

Snit 11

3.2 Beskryf die volgende DRIE musiekkenmerke (3.2.1 tot 3.2.3) wat in hierdie uittreksel gehoor word.

3.2.1 Prominente komposisietegniek

Antwoord:
- Herhaling/Ostinato
- Parallelle harmonie

3.2.2 Die hoofinstrument wat deur die hele uittreksel speel

Antwoord: Umrhube of Umhubhe/Mondboog

3.2.3 Vokale tegniek

Antwoord: Umngqokolo/Botoon-sang/Keelsang

(3 x 1) (3)

Snit 12

3.3 Beantwoord die volgende vrae wat met hierdie uittreksel verband hou.

3.3.1 Watter styl word in die uittreksel verteenwoordig?

Antwoord: Maskanda (1)

3.3.2 Kies VIER items uit KOLOM A wat die musiek wat jy hoor, die beste beskryf. Maak 'n kruisie (X) in VIER toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Vokale skepnote/glysang	**X**
Isicathamiya	
Ululasie	
Ukupika deur leierkitaarspeler	**X**
Akkoordsiklus van I – IV – V	
Izibongo	
Izihlabo	**X**
Saamgestelde tydmaat	**X**
Baskitaar is prominent	

(4 x 1) (4)

Snit 13

3.4 Beantwoord die volgende vrae wat met hierdie uittreksel verband hou.

3.4.1 Noem die sanger wat in hierdie uittreksel sing.

Antwoord: Philip Tabane (1)

3.4.2 Beskryf die gebruik van izibongo in hierdie uittreksel.

Antwoord:
- Die voordraer deklameer bo-oor instrumentale begeleiding
- Die enigste taal wat in hierdie uittreksel gebruik word, is Sepedi.
- Die sanger gebruik 'n vorm van spraaksang.
- Die woorde word teen 'n vinnige tempo gepraat-sing.
- Die izibongo/lofsang draai om dieselfde toonhoogte.
- Die beweging van die toonhoogte word deur die woorde bepaal.

(2 x 1) (2)

Snit 14

3.5 Watter mbaqanga-styleienskappe hoor jy in hierdie uittreksel? Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 14 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Voortstuwende blues-styl op die kitaar	
Bastrom ('Kick drum') dui die hoofmaatslae aan	**X**
Inleiding op klawerbord	**X**
Reëlmatige 3-maat-frases	
Saamgestelde metrum in vokale party	
Herhalende melodiese frase	**X**
Herhalende melodiese patroon op kitaar	**X**
Manlike hoofsanger	

(3 x 1) (3)

Snit 15

3.6 Dui aan of die volgende stellings wat die uittreksel beskryf WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs (a) en (b) hieronder.

STELLING	ANTWOORD
(a) Die melodie is op die pentatoniese toonleer gebaseer.	Waar
(b) Die uittreksel word met sterk vierslagpols gespeel.	Onwaar

(2 x 1) (2)

Snit 16

3.7 Beskryf die volgende items (3.7.1 tot 3.7.4) wat jy in hierdie uittreksel hoor.

3.7.1 Vokale tegniek

Antwoord: Umngqokolo-sang/Botoon-sang/Keelsang

3.7.2 Tydmaatteken

Antwoord: Onreëlmatig

3.7.3 Harmoniese progressie

Antwoord: Twee-akkoord-siklus/Twee opeenvolgende majeur akkoorde

3.7.4 Tekstuur

Antwoord: Homofoniese tekstuur/Gelaagde klank met 'n digte tekstuur

(4 x 1) (4)

Snit 17

3.8 Beantwoord die volgende vrae wat met hierdie uittreksel verband hou.

3.8.1 Identifiseer die styl van hierdie lied.

Antwoord: Kwêla (1)

3.8.2 Noem 'n kunstenaar wat met hierdie styl geassosieer word.

Antwoord: Spokes Mashiyane/Lemmy Mabaso *(1 x 1)* (1)

(28 ÷ 2) **[14]**

TOTAAL AFDELING B: 14

OF

VRAAG 4: JAZZ

4.1 Luister na die volgende snitte. Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 18 EN 19 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies vir ELKE snit.

Snit 18

4.1.1

KOLOM A	ANTWOORD
Oktaafspronge in manstem	**X**
Sekwensiële beweging van motief	
Roep en antwoord	**X**
Die saksofoon roep en die orkes antwoord	
Die koperblasers speel 'n rein/volmaakte 5de interval in die inleiding.	
Dissonante akkoorde en geaksentueerde melodiese lyn	**X**
Legato-artikulasie met aksente	
'Ride'-simbaal is prominent	**X**

(3 x 1) (3)

Snit 19

4.1.2

KOLOM A	ANTWOORD
Mineur toonsoort in 'n stadige tempo	
A cappella in 'n gesangagtige lied	**X**
Polifonies geteksture erde lied in 'n matige tempo	
Klusterakkoord-stemvoering	**X**
Tranquillo	**X**
Sang in monofoniese tekstuur	
Meestal sillabiese sang in vierslagmaat	**X**
Scat-sang in drieslagmaat	

(3 x 1) (3)

Snit 20

4.2 Beskryf DRIE van die volgende musiekkenmerke (4.2.1 tot 4.2.4) wat in hierdie uittreksel gehoor word.

4.2.1 Prominente komposisietegniek

Antwoord:
- Kontrabas speel 'n ostinato-figuur.
- Trapsgewyse akkoordsiklus op klavier vorm 'n ostinato.

4.2.2 Begeleiding

Antwoord:
- Tromstel, kontrabas en klavier vorm die begeleiding.
- 'n Herhalende ritme word in die tromstelparty gehoor.

4.2.3 Frasestruktuur

Antwoord:
'n Herhalende 2- of 4-maat-frase word deur die hele uittreksel gehoor.

4.2.4 Melodie

Antwoord:
- Die klavier speel 'n diskantmelodie vanaf die tweede frase.
- Die melodiese lyn sluit trapsgewyse beweging en spronge in.
- Die melodie het 'n warm, gesinkopeerde karakter.

(3 x 1) (3)

Snit 21

4.3 Beantwoord die volgende vrae wat met hierdie uittreksel verband hou.

4.3.1 Skryf die naam neer van die kunstenaar wat jy in hierdie uittreksel hoor.

Antwoord: Miriam Makeba (1)

4.3.2 Kies DRIE items uit KOLOM A wat die musiek wat jy hoor, die beste beskryf. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Die gebroke akkoord(arpeggio)-inleiding word op die tonika gebou	
Afgaande sekwensiële melodiese beweging	**X**
Sanger sing blou note	
Die gebroke akkoord(arpeggio)-inleiding word op die dominant gebou	**X**
Die baskitaar speel op elke kwartnootslag	
Legato-sang met vibrato	**X**
Ballade-styl met ♩ = 60	**X**
Onreëlmatige frasestruktuur	
Vokale scat-sang	

(3 x 1) (3)

Snit 22

4.4 Beantwoord die volgende vrae wat met hierdie uittreksel verband hou.

4.4.1 Noem die prominente ritmiese eienskap in hierdie uittreksel.

Antwoord:
- Soliede vier-vier-polsslag wat deur die baskitaar verskaf word en elke polsslag beklemtoon
- Die ritmiese patroon wat in die opmaat gebruik word

(1 x 1) (1)

4.4.2 Watter styl word in hierdie uittreksel verteenwoordig?

Antwoord: Mbaqanga *(1 x 1)* (1)

4.4.3 Beskryf die gebruik van *roep en antwoord* in hierdie uittreksel.

Antwoord:
- Die roep en antwoord word eerste tussen die leierkitaar en die baskitaar gehoor.
- Die tweede roep en antwoord word tussen die saksofoon en baskitaar gehoor.

(2 x 1) (2)

Snit 23

4.5 Kies DRIE items uit KOLOM A wat met die musiek in Snit 23 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Avant-garde jazz-invloede	**X**
Koperblaasseksie bestaan uit fluit, klarinet en tenoorsaksofoon	
Inleiding in reëlmatige metrum	
Koperblaasseksie bestaan uit trompette, altsaksofoon en tromboon	**X**
Bestaan uit twee gesinkopeerde motiewe	
Inleiding bevat kort, onreëlmatige frases	**X**
Big band met horing- en ritmeseksie	
Geaksentueerde akkoord-'stabs' in die horingseksie	**X**

(3 x 1) (3)

Snit 24

4.6 Beantwoord die volgende vrae wat met hierdie uittreksel verband hou.

4.6.1 Gee die titel van die stuk waaruit hierdie uittreksel geneem is.

Antwoord: *Mra* (1)

4.6.2 Dui aan of die volgende stellings wat die uittreksel beskryf WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs (a) en (b) hieronder.

STELLING	ANTWOORD
(a) Die uittreksel het invloede van mbaqanga en kwêla.	Waar
(b) Die uittreksel bevat 'n blues-akkoordprogressie.	Onwaar

(2 x 1) (2)

Snit 25

4.7 Beantwoord die volgende vrae wat met hierdie uittreksel verband hou.

4.7.1 Beskryf die *ritme* van die ritmekitaar- en tromstelpartye.

Antwoord:
- 'n Reëlmatige en herhalende 'strumming'-patroon op die kitaar word op elke polsslag gehoor.
- 'n Konstante skiffle-agtige ritme word op die tromstel gespeel.

(2 x 1) (2)

4.7.2 Beskryf die *melodie*.

Antwoord:
- Dit is in 'n majeur toonsoort met die melodie wat binne die tonale raamwerk bly.
- Dit het 'n helder en opgeruimde stemming.
- Dit word deur die saksofoon en penniefluitjie gedeel.
- Die melodie het 'n gesinkopeerde ritmiese gevoel.
- Dit bestaan uit kort herhalende motiewe.
- Die melodie bestaan hoofsaaklik uit akkoordnote met trapsgewyse beweging hier en daar.
- Die melodie in die penniefluitjie sluit nootbuiging en skepnote in.

(3 x 1) (3)

(28 ÷ 2) **[14]**

TOTAAL AFDELING B: 14

OF

VRAAG 5: WESTERSE KUNSMUSIEK (WKM)

5.1 Luister na die volgende snitte. Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 26 EN 27 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies vir ELKE snit.

Snit 26

5.1.1

KOLOM A	ANTWOORD
Wals-tempo	**X**
Franse horings speel die melodie in die inleiding	**X**
Strykers en houtblasers speel legato naby die einde van die uittreksel	
Monofoniese tekstuur	
Houtblasers speel die melodie in die inleiding	
Buigbare maatslag	**X**
Legato-teenmelodie op klarinet en piccolo	
Tremolo-figuur in hoë strykers in die openingsmate	**X**

(3 x 1) (3)

Snit 27

5.1.2

KOLOM A	ANTWOORD
Timpani en houtblasers speel fortissimo in die inleiding	
Die inleiding sluit 'n tremolo deur die timpani in	**X**
Fanfare deur die tutti-orkes	**X**
Dissonante akkoorde in die inleiding	**X**
Tranquillo assai	
Koor tree in met 'n monofoniese tekstuur	**X**
Melismas	
TTBB	

(3 x 1) (3)

Snit 28

5.2 Beskryf DRIE van die volgende musiekkenmerke (5.2.1 tot 5.2.4) wat in hierdie uittreksel gehoor word.

5.2.1 Prominente komposisietegniek

Antwoord:
- Herhaling
- Variasie

5.2.2 Begeleidingsfiguur

Antwoord:
- Herhalende gebroke-akkoord-figuur met grondnoot wat deur 3de en 5de interval gevolg word
- Word in die middelregister van die klavier gespeel

5.2.3 Frasestruktuur

Antwoord:
- Twee 4-maat-frases wat herhaal word

5.2.4 Melodie

Antwoord:
- Openingsfrase is 'n trapsgewyse versiering wat in die diskantregister van die klavier gehoor word, gevolg deur 'n antwoordfrase wat in intervalle van 3des gespeel word, afgaande en opgaande, en herhaal word.

(3 x 1) (3)

Snit 29

5.3 Beantwoord die volgende vrae wat met hierdie uittreksel verband hou.

5.3.1 Skryf die titel van die werk neer waaruit hierdie uittreksel geneem is.

Antwoord: *Hebrides* (1)

5.3.2 Dui VIER items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 29 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in VIER toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Chromatiese opgaande orkespassasie lei na klimaks	**X**
Poco a poco morendo	
Passasie geneem uit die uiteensetting van die werk	
Fanfare in die koperblasers en houtblasers	**X**
Einde van die ontwikkeling	**X**
Klassieke tydperk	
Simfoniese orkeswerk	**X**
Con forza fortissimo-passasies	**X**
Pedaalpunt in lae strykers	

(4 x 1) (4)

Snit 30

5.4 Beantwoord die volgende vrae wat met hierdie uittreksel verband hou.

5.4.1 Noem die TWEE stemtipes van die twee karakters wat in hierdie uittreksel gehoor word.

Antwoord: Sopraan en bariton (2 x 1) (2)

5.4.2 Beskryf die begeleiding voor die intrede van die stemme.

Antwoord:
- Die begeleiding word deur die lae strykers van die orkes gespeel.
- Die melodie word ondersteun deur 'n Alberti-bas-begeleiding in die lae strykers.
- Die lae strykers speel non-legato gebroke akkoorde.
- Die tjello en kontrabas speel die laagste noot op die eerste polsslag van elke maat.

(2 x 1) (2)

Snit 31

5.4.3 Dui DRIE items in KOLOM A aan wat met die musiek in Snit 31 verband hou. Maak 'n kruisie (X) in DRIE toepaslike blokkies.

KOLOM A	ANTWOORD
Allegretto-tempo met 'n ritardando	**X**
Nabootsing tussen orkes en stemme	**X**
Presto-tempo met 'n stringendo	
Majeur toonsoort	**X**
Mineur toonsoort	
Afgaande vokale sekwens in beide stemme	**X**
'n Resitatief tussen die twee karakters	

(3 x 1) (3)

Snit 32

5.5 Dui aan of die volgende stellings wat die uittreksel beskryf WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs (a) en (b) hieronder.

STELLING	ANTWOORD
(a) Die stemming van die uittreksel is koninklik en statig.	Waar
(b) Die uittreksel kom uit Bedryf 2 van *Die Towerfluit.*	Onwaar

(2 x 1) (2)

Snit 33

5.6 Beskryf DRIE moontlike voorbeelde van toonskildering wat in hierdie uittreksel gehoor word.

Antwoord:

- Die staccato agstenote in die strykers kan die eerste reëndruppels van die naderende storm suggereer.
- Die tremolo-figuur in die tjello's en kontrabasse kan die naderende donderweer oproep (daarna verwys).
- Die vinnige dinamiese crescendo kan die dreigende storm suggereer.
- Die fortissimo tutti-orkes kan die volle krag van die storm voorstel.
- Die hoë strykers speel 'n sforzando arpeggio-figuur wat die weerligslae kan voorstel.
- Die timpani-slae kan donderslae namaak/voorstel.

(3 x 1) (3)

Snit 34

5.7 Beskryf die volgende eienskappe wat met hierdie uittreksel verband hou.

5.7.1 Frases

Antwoord:
Openings-4-maat-frase (deur klarinet gespeel) word gevolg deur 'n antwoordfrase van 4 mate (deur Franse horing gespeel)

5.7.2 Artikulasie

Antwoord: Legato

(2 x 1) (2)

(28 ÷ 2) **[14]**

TOTAAL AFDELING B: 14

AFDELING C: VORMANALISE (VERPLIGTEND)

VRAAG 6

Lees en bestudeer die vrae vir EEN minuut en luister na die stuk hieronder.

Snit 35



[**LET WEL:** fi = verhoogde f; to = verlaagde t; ri = verhoogde r]

6.1 Lewer kommentaar op die struktuur van die hele stuk wat jy hoor.
Die eerste seksie is maat 1–8 en die tweede seksie is maat 9–16.

Antwoord:
- Maat 1 tot 8 is die A-seksie en maat 9 tot 16 is die B-seksie.
- Daar is 'n herhaling van beide seksies.
- Die tweede seksie word weer vir die laaste keer herhaal.
- Seksie A is 'n vers terwyl seksie B 'n koor/refrein is (herhalende lirieke)

(2 x 1) (2)

6.2 Wat is die verskil tussen die eindes (kadense) van die twee seksies in hierdie stuk?

Antwoord:
- Die eerste seksie eindig op die dominant (V) ('n onvolmaakte kadens) of dit kan gesien word as 'n volmaakte kadens in F majeur.
- Die tweede seksie eindig op die tonika (I) (volmaakte kadens).

(2 x 1) (2)

6.3 Lewer kommentaar op die verandering in die tempo in die laaste twee mate.

Antwoord:
- Die tempo word geleidelik stadiger.
- Daar is 'n rallentando/ritardando.

(1 x 1) (1)

6.4 Beskryf die *tekstuur* in hierdie stuk.

Antwoord:
- Melodie met akkoordbegeleiding/homofonies.
- 'n Sopraanmelodie met akkoordbegeleiding wat deur die oorblywende alt-, tenoor- en basstemme gesing word.
- Koraalstyl waarin vier stemme meestal in dieselfde ritme/blokakkoorde sing.

(1 x 1) (1)

6.5 Beskryf hoe die kadens by maat 4 versier word.

Antwoord:
- 'n Kadensiële $^{6}_{4}$-progressie word gebruik.
- Die tonika-akkoord word versier deur die gebruik van 'n tweede-omkering subdominant-akkoord.
- Die kadens word versier deur 'n appoggiatura in die sopraanparty en 'n terughouding in die altparty.

(1 x 1) (1)

6.6 Lewer kommentaar op die gebruik van F♯ in maat 13.

Antwoord:

- Chromatiese deurgangsnoot in die altstem (verhoogde dominant van B♭ majeur)
- V van G mineur skep 'n sekondêre dominant

(1 x 1) (1)

Speel Snit 35 EEN laaste keer.

TOTAAL AFDELING C: 8
GROOTTOTAAL: 30

Kopiereg voorbehou